AUDIENCE OF ONE MEDIA, (PTY) LTD.
REG. NO. 2018 / 579223 / 07
www.audienceofonemedia.co.za
publishing@audienceofonemedia.co.za
+27 83 290 8863

Net ŉ komma, nie ŉ punt nie #3 – Aansoek om verhaal te publiseer 04 Mei 2026

Hiermee doen ek, _____ (die Skrywer), aansoek om my ware verhaal in die inspirasiebundel, *Net ŉ komma, nie ŉ punt nie #3* (die boek) deur Audience of One Media (die uitgewer) te publiseer.

Ek verwittig myself van die ondergenoemde inligting en belowe om die volgende reëls en regulasies te volg in die skryf en publiseringprosedure van hierdie boek.

1.1. Aantal woorde en formaat

Die aantal woorde sal tussen 300 en 2000 wees, of binne 10% daarvan. My verhaal sal digitaal gestuur word in MS Word-formaat. Indien dit onmoontlik is, sal dit per e-pos gestuur word as ŉ getikte e-posboodskap.

1.2. Sperdatum

Die sperdatum is 1 September 2026. Die uitgewer sal die boek so gou as moontlik daarna publiseer, maar die datum van publikasie is nie vasgemaak nie. Die uitgewer sal al die skrywers op hoogte hou en ten minste een maand se kennis gee van die beplande datum. Die uitgewer kan ook die sperdatum verander en aansoeke sluit indien genoeg stories ontvang is om ŉ boek van 75 000 woorde in totaal te publiseer.

1.3. Redigering

Ek gee toestemming dat die uitgewer my verhaal redigeer en dit sluit in dat veranderinge aan taal, spelling, lengte, inhoud en vloei gemaak kan word, maar dat geen belangrike feite verander sal word nie. Inhoud wat uitgehaal word, sal dele wees wat onnodig vir die storie is.

Ek bevestig dat ek die finale weergawe van my verhaal sal goedkeur of kommentaar daarop sal lewer binne sewe (7) dae nadat dit aan my via e-pos gestuur is.

Ek mag weier dat my storie ingesluit word indien ek nie saamstem met die finale weergawe van my storie nie, maar hierdie reg verval sodra die finale stories na die drukkers gestuur is. Daarna vorm my storie deel van die bundel.

1.4. Inhoud en titel

Net 'n komma, nie 'n punt nie # 3 is ŉ bundel vol inspirasie-stories waarin mense ware verhale van "wonderwerke" wat met hulle gebeur het, deel – ŉ getuienis van iets spesifieks en wonderbaarliks wat God in hulle lewens gedoen het. Die doel is om ons hemelse Vader se naam te verheerlik en om mense hoop te gee en te inspireer om ŉ verhouding met Jesus te bou.

Ek sal my verhaal 'n titel gee wat mense sal interesseer, en sal die uitgewer se voorstelle om die titel te verander oorweeg.

My verhaal se inhoud moet verifieerbaar waar en interessant wees, dit moet my eie storie wees, of ek moet geskrewe toestemming kry as dit iemand anders se ervaring is, maar dit mag nie iemand se karakter benadeel of negatiewe inligting oor ander mense bevat nie… As ek ander persone noem in ŉ negatiewe konteks, moet ek dit so verander (name/plekke/tyd/geslag) dat niemand daardie persoon sal kan herken nie, TENSY die persoon wel skriftelike toestemming gestuur het of wettiglik in ŉ hof aangekla en skuldig bevind is en dit publieke kennis is, slegs dan kan ŉ mens die ware inligting gebruik, maar die uitgewer verkies steeds om sulke inligting privaat te hou.

Ek sal geen kru taal gebruik nie en bevestig dat my storie God se naam sal verheerlik. Ek verstaan dat die uitgewer Bybelse beginsels navolg en geen inhoud sal aanvaar vir publikasie indien hierdie beginsels nie gevolg word nie. Stories kan uiteraard dele bevat waar die skrywer deur moeilike of sondige tye gegaan het, maar dat daar verandering of groei of bekering of genesing plaasgevind het wat ten tye van publikasie steeds die waarheid vir die skrywer is.

1.5. Biografie

Ek sal my naam en van en ŉ kort persoonlike biografie bylas (nie langer as 80 woorde nie) vir die "meer oor die skrywer" deel wat aan die einde van elke storie verskyn. As ek wil, kan ek my e-posadres bysit vir ingeval iemand my oor my

getuienis wil kontak, anders kan hulle die uitgewer kontak. Ek mag ook anoniem skryf, alhoewel dit ten sterkste afgeraai word deur die uitgewer en ŉ geldige rede daarvoor gegee moet word.

1.6. Finale Keuses

Die uitgewer se keuse is finaal en hoef nie te verduidelik waarom 'n storie nie gekies is nie.

1.7. Vergoeding

Geen tantieme of kontant sal direk aan my betaal word nie. Elke skrywer wie se storie gekies is, kry egter die opsie om die boek teen ŉ verlaagde prys (groothandelprys teen 30% minder as handelsprys) aan te koop en kan dan die boek aan vriende of familie verkoop teen die handelsprys (nie hoër nie) wat die uitgewer later sal deurgee – ek maak dus WINS deur my boek te verkoop.

Ek is self verantwoordelik om enige sodanige inkomste te verklaar.

Die uitgewer dra al die redigering-, ontwerp-, en drukkostes, dus kos dit skrywers niks geld nie, behalwe vir die boeke wat ek aankoop soos hierbo genoem.

Die boek sal ook op Audience of One Media se webwerf te koop wees, indien ek nie self van die boeke wil verkoop nie, maar ongelukkig kan daardie wins nie elke keer tussen al die skrywers verdeel en betaal word nie, dit is te veel administrasie vir 'n klein bedraggie!

Ek kan die uitgewer kontak vir my spesiale koepon om 30% afslag op die webwerf te kry vir hierdie boek. Ek kan soveel boeke aankoop as wat ek wil per transaksie.

Ek mag my eie boekbekendstelling hou om my storie se publikasie te vier. Ek sal self verantwoordelik wees vir kostes en reëlings. Boeke om daar te verkoop kan ook op die webwerf of direk by die uitgewer bestel word teen die 30% afslag.

1.8. Druk van boeke

Die uitgewer behou die reg om te besluit hoeveel en wanneer boeke gedruk word. Indien die uitgewer reken dat die boek nie meer finansieel presteer nie, sal geen meer boeke gedruk word nie.

Kontak ons indien jy nog meer inligting verlang.

1.9. Advertensie

Die uitgewer sal self ŉ algemene advertensie ontwerp en aan skrywers stuur om so hul bydrae tot die bundel te adverteer op sosiale media. Enige ander advertensies moet eers deur die uitgewer self goedgekeur word voordat ek dit mag plaas. Ek gee die uitgewer toestemming om my naam, biografie en foto vir advertensies te gebruik. My ander persoonlike inligting (soos selfoonnommer en adres) sal wel privaat gehou word, behalwe my e-posadres indien dit wel in die boek verskyn.

1.10. Verklaring

Ek, die skrywer, verklaar dat die verhaal nie reeds in ŉ ander publikasie verskyn nie, en indien wel, sal geskrewe toestemming van daardie die uitgewer gevra en aangeheg word. Die oorspronklike publikasie se inligting sal as ŉ voetnota in die boek verskyn.

Ek verbind my tot alles wat in hierdie brief genoem word en verstaan die ooreenkoms en proses soos hierbo uiteengesit. Ek doen dus hiermee aansoek om my verhaal in *Net ŉ komma, nie ŉ punt nie #3* te publiseer.

My verhaal of ŉ kort, voorlopige opsomming daarvan sal saam met hierdie aansoek ingestuur word aan Antoinette Kloppers by antoinette@audienceofonemedia.co.za.

_____	_____	_____
Geteken deur Skrywer	***Plek***	***Datum***